

Vertrou op die Here

Skelms ontstel 'n mens. Ons Suid-Afrikaners verstaan dit baie goed.

Tog sê Dawid in vers 1: “Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie.” In vers 8 sê hy : “Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring ellende.” Dit beteken dat ons nie moet toelaat dat skelm ook nog in die binnekant van ons lewe inbreek en ons sielevrede steel nie. Nou wat moet ons doen? Wat is die veiligheidsstelsel en die sekuriteitsmaatreëls vir die binnekant van ons lewe?

- Vers 3: “Vertrou liever op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort!” Moenie dat die skelm jou aftrek tot op sy vlak nie. Beweeg op die hoër vlak soos die vers beskryf.
- Vers 4: “Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.” Kanaliseer jou geestelike energie om bly te wees oor die Here aan wie jy behoort deur Jesus Christus en wat Hy gee. Moenie jou energie vermors op haat en wrokgedagtes nie.
- Dit kan jy alleen doen as jy vers 5 gehoorsaam : “Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.” Hy wat sorg is tog belangriker as die skelm wat bedreig en bedrieg.
- Onthou dat in die res van die psalm staan dat die Here die skelms en skurke sal straf; dat die wraak net aan Hom toekom (Rom. 12:19). Los dit vir Hom.

Sing: Psalm 37:2,3 (Cloete)

Ds Chris Hattingh (Randburg)